# REFORMASIE 500

## vrygemaak om nuut te glo

# Week 1: No rules but Grace

500 jaar gelede was die kerk in groot moeilikheid! Mense het as gevolg van allerhande vreemde wanpraktyke nie meer die kerk en die kerkleiers vertrou nie. Mense was moeg vir tradisie en leë rituele en simbole. Die kerk het ook 'n baie klein verskil in hul lewens gemaak.
En daarteen het Martin Luther en ander kerkleiers van sy tyd opgestaan. Hulle verstaan van geloof, godsdiens en kerkwees is saamgevat in 5 kern punte (5 "*solas*" – Latyns vir alleen).

- **No rules but Grace** - Genade is verniet (***sola gratia***)
- **No work but Faith** - Geloof alleen red (***sola fidei***)
- **No one but Jesus** - Net Christus maak vry – (***solus Christos***)
- **No word but thy Word** - God se Woord leer ons die pad van redding – (***sola Scriptura***)
- **No silence just Worship** - Aan God al die eer – (***sola deo gloria***)

***Elke week gaan ons een van hierdie sake in ons Bybelstudies deurwerk***

## Inleiding

- Kyk na video 1 en gesels oor wat julle getref het.
- Wat dink jy is die **belangrikste wat die kerk moet wees** en **doen**?
- Wat is daar in die kerk wat jy dink **mense weghou** of wat maak dat mense nie kom nie, wat **moet verander**? (*Gesels eers oor die kerk in die algemeen en dan ook oor ons gemeente)*
- Kerk bestaan uit mense. As daar goed in die kerk reg en verkeerd is, dan is dit omdat daardie sake in ons lewens reg of verkeerd is. **Hoe kan ons verander?**

## Wat sê die Bybel?

- Lees **Efesiërs 2:1-9:** Wat wil hierdie gedeelte vir ons leer oor God, oor hoe Hy werk en wat Hy doen?

- In **verse 5, 7 en 8** verklaar Paulus **dat ons uit genade gered word**. Hoe werk hierdie genade. Lees weer die gedeelte en kyk veral na watter sake staan teenoor genade.

- Lees **Johannes 3:1-4, 16-18.** Johannes vertel die verhaal van Nikodemus (*hy was 'n Fariseër en hulle het al die godsdienstige reëls en wette stiptelik nagekom*) wat na Jesus toe kom met die behoefte om te verander. En Jesus se antwoord is dat hy **weer gebore moet word**, of in ander woorde **weer moet oor begin**, of dat hy net kan verander as God hom nuut maak. Sy morele goeie lewe het hom min gehelp om te verander. Is daar sake in jou lewe wat jy graag sal wil verander?

- **Waar begin hierdie verandering** volgens **Joh 3:16?**

- Hoekom bou mense geloof en godsdiens op die nakom van **reëls en wette**? Hoekom dink julle gaan dit nie langtermyn help nie?

- Terug na die inleidingvrae: **Wat dink jy is die belangrikste wat ons as kerk moet wees?**

## Samevatting:

**Dit is nie ons** (goeie en regte morele) **werk wat ons kan red nie**, maar God se werk uit liefde en dit is genade. Niemand van ons gaan dit ooit regkry om met goeie werke ons redding te verdien nie!
Ons moet **'n kerk word en wees wat gebou is op God se genade** en nie op ons harde werk en regte morele lewens nie.

## Saambid en Uitstuur

- Gee vir elkeen in die groep kans om een saak te noem wat in hulle lewens moet verander.
- Maak 'n punt daarvan om vir God dankie te sê vir sy onverdiende liefde en genade vir ons.
- Laat elkeen sê wat hulle geleer het en wat hulle hierdie week anders gaan doen of wees.

# REFORMASIE 500

## vrygemaak om nuut te glo

# Week 1: No rules but Grace

500 years ago the church was in big trouble! People lost their trust in the church and its leaders due to all kind of strange practises that got a foothold in church and religion. Tradition, empty rituals and symbols took centre stage. People's lives didn't change and they left the church. Martin Luther and other church leaders stood up against these mal-practices. To rectify this they tried to take people and the church back to its original design by emphasising the following 5 principles:

- **No rules but Grace** - Grace is a free gift (***sola gratia***)
- **No work but Faith** – Faith saves (***sola fidei***)
- **No one but Jesus** – Jesus Christ frees – (***solus Christos***)
- **No word but thy Word** - God's Word teaches the way to salvation – (***sola Scriptura***)
- **No silence just Worship** - All glory to God – (***sola deo gloria***)

## Introduction

- ❖ Watch and discuss the first video of the series (*unfortunately only available in Afrikaans)*
- ❖ What do you think is the **main purpose of church**?
- ❖ What is there in church that **keeps people away** or contributes to the fact that people don't want to come any more. (*talk about church in genral, but also about our congregation)*
- ❖ Church is people. If things is right or wrong in church it is because it is right or wrong in people. **How can we improve or change?**

## Listen to the Word

- ❖ Read **Ephesians 2:1-9:** What does it teaches about God, who He is and what He does?

- In **verses 5, 7 en 8** Paul declares that we are saved by grace. How does this grace word? Look at everything he mentions that talks about the opposite of grace.

- Read **John 3:1-4, 16-18.** John tells of Nicodemus (*a good church leader of his time who followed all the religious laws and rules*) who came to Jesus with the request to help him to change. Jesus talked about **new birth, or new beginnings**, or how to be change by God and begin again. Nicodemus' good life couldn't help with that. What is there in your life that needs to change?

- **According to John 3:16, where does change start?**

- Why do you think people **build their faith and religion on rules and regulations**? Why do you think it can't really help?

- Back to the introduction questions: What do you think is the most important for church to be?

## Conclusion:

**Our good works can't save us. Only God's love can accomplish that = grace.**!
As church we must live from this grace and not trust our own good deeds. This grace must have an impact on everything we do.

## Pray and Purpose

- Name one thing that must change in your life.
- Thank God for his love and grace
- What did you learn (one thing) and what is your challenge for the week (one thing)